VRYWARING

Inligting

Alle inligting, voorstellings, Partynuus en aankondigings in hierdie webtuiste vervat, is gebaseer op die nuutste inligting beskikbaar ten tyde van publikasie hiervan.

Die African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA) behou homself die reg voor om te eniger tyd en sonder vooraf kennisgewing, veranderinge aan te bring en aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige drukfoute nie. Daar word egter voortdurend gepoog om wat gepubliseer word so noukeurig en akkuraat moontlik te hou en om foute of onakkuraathede tot die minimum te beperk.

Die ACA waardeer u belangstelling en u besoek aan ons webtuiste. U mag moontlik op ons webtuiste versoek word om van u persoonlike besonderhede aan ons te voorsien, alhoewel dit uitsluitlik u keuse is om sodanige inligting te verskaf, al dan nie.

Die ACA onderneem om geen inligting wat deur middel van hierdie webtuiste verkry word aan te wend vir enige doel nie, anders as vir persoonlike aandag, die pos van Party-inligting of vir spesiale aanbiedinge. Die ACA onderneem om alle inligting as hoogs vertroulik te hanteer, ingevolge die wetlike beperkings op die beskerming van inligting.

Veiligheid

In ‘n sekere gedeelte van die webtuiste verskyn daar ‘n versoek vir krediet / finansiële besonderhede ten opsigte van aanlyn-transaksies, byvoorbeeld in die geval van lidmaatskapvorms, bydraes en skenkings, sowel as in die aanlyn koop-gedeelte. Met ons webtuiste is al u vertroulike bank-inligting ten volle beskerm deur ons gebruik van die nuutste Internet tegnologie bekend as “Secure Sockets Layers” (SSL) wat verseker dat vertroulike inligting onleesbaar en onkopieërbaar versend word.

U kan verseker dat u van ‘n veilige bediener (server) gebruik maak deur na die linker-onderste hoek van u skerm te kyk waar ‘n prentjie van ‘n sleutel, of ‘n toe slot (afhangende van u soeker (browser) behoort te verskyn, wat aan u die versekering sal gee dat SSL-tegnologie aktief is. Om die vlak van sekuriteit verder te bevestig en om te verseker dat u besig is in ‘n veilige internet-omgewing, sou die eerste letters van die adres aan die bokant van u skerm in die adreslyn, van ‘http’ na ‘https’ verander het.

Kopiereg, 2009 – African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA)

Alle regte voorbehou. Alle geskrewe werk, nuus en persverklarings, beelde, grafiese voorstellings en die rangskikking daarvan is onderworpe aan kopiereg en ander intellektuele beskerming. Geen inligting weergegee op die amptelike webtuiste van die ACA mag aangewend word vir handelsgebruik of anders versprei word nie en mag geensins aangepas of op enige manier aangestuur word sonder die nodige vooraf skriftelike goedkeuring van die Party nie. Sekere inligting binne die webtuiste is ook onderworpe aan kopiereg van die oorspronklike voorsieners daarvan.

Die African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA) het ‘n verantwoordelikheid om sy intellektuele eiendom, insluitend sy handelsmerke en kopieregte te beskerm en dit word onomwonde gestel dat niks op die webtuiste daarop gerig is om aan te dui dat enige toestemming verleen word vir die beskikbaarmaking van die intellektuele eiendom van die ACA of enige derde party nie.